# Kwartaal 1 Die Ekonomie en Finansiële geletterdheid

## Kwartaal-oorsig

In die eenhede wat handel oor Die Ekonomie word daar hierdie kwartaal gekyk na die drie vlakke van regering, hul rolle en hul wisselwerking tussen huishoudings en besighede. Daar word gefokus op hoe die regering, beide as produsent en verbruiker, hulpbronne gebruik. Ook word daar gekyk na hoe die regering inkomste versamel en bestee aan die verskaffing van dienste via die Nasionale Begroting ten einde ekonomiese ongelykmatighede uit die weg te ruim. So ook ondersoek dit lewenstyle, verskillende samelewings, werkloosheid, die produktiewe gebruik van hulpbronne en die bevordering van ’n gesonde omgewing.

© Oxford University Press, Southern Africa 2013

# Eenheid 1 Die Ekonomie: regering

## Eenheid oorsig

In hierdie eenheid sal die onderwyser:

- die verskillende vlakke van regering identifiseer
- bestudeer die rolle van die verskillende vlakke van regering ten opsigte van die gebruik van hulpbronne en dienste met betrekking tot huishoudings en besighede (beide as produsente en verbruikers).

# Eenheid 2 Die Ekonomie: nasionale Begroting

## Eenheid-oorsig

In hierdie eenheid sal die onderwyser:

- uitvind van die verskillende vorms van belasting, asook al die dienste waarop die regering sy geld uitgee, asook van
- die invloed van die Nasionale Begroting op groei en die regstel van ekonomiese ongelykhede.

# Eenheid 3 Finansiële geletterdheid: rekeningkundige begrippe

## Eenheid-oorsig

In hierdie eenheid sal die onderwyser:

- met meer terme kennis maak wat in rekeningkunde (wat ’n vaktaal van sy eie het) gebruik word
- woorde by hierdie rekeningkundige taal voeg
- leer van die Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (AARP)
- nuwe rekeningkundige begrippe en beginsels bestudeer

# Eenheid 4 Finansiële geletterdheid: Brondokumente

## Eenheid-oorsig

In hierdie eenheid sal jy:

- die verskillende soorte brondokumente bestudeer.
- die transaksies ondersoek wat die verskillende tipes brondokumente verteenwoordig.
- leer dat brondokumente dien as bewys van transaksies wat plaasgevind het. Hierdie bewyse is belangrik wanneer daar op ’n latere datum enige meningsverskil met ’n klant is oor die transaksie.

© Oxford University Press, Southern Africa 2013